Ps. 84: 1, 3. Die Betekenis v.d. Onderl. Byeenkomste. J [Pr-Oos 14 Mrt. 84]
Ges 61: 1, 4, 6.
Ges. 36: 4, 5.
"
Heb. 4: 1-16

Hebr. 10: 25 - En laat ons ons onderlinge byeenkoms nie versuim soos sommige die gewoonte het nie,

Baie gou in elke mens se lewe kom hy voor die vr. te staan: wat gaan ek doen i.v.m. my Sondag? (Student) Sal ek daarin 'n plek inruim vir Kerk-besoek - of nie? // Van hd. beslissing hang baie af - baie wat sy lewe in een of ander rigting gaan stuur. // Sommige jongmense word in hulle besluit sterk be-invloed deur een of meer v.d. valg. ~~argumente~~ besware wat ander mense om hulle ~~gebruik~~ geopper. 'n Mens hoor somtyds bv.:

① „Ek moes teveel kerk-toe gaan toe ek op skool was; gedurig gedurig - dit het al my lus doodgemaak" (Bv. Koshuise) Reaksie v. ouers -

② „Verstaan niks of min van wat die pred. preek - dis vir my 'n vermaakplek"

③ „Kan net so goed in d. natuur of i.d. stilte van my kamer aanbid"

④ „Die predikant het my nog nooit besoek nie - waarom sal ek na hom gaan luister?"

⑤ „Daar is ander mense i.d. kerk wie se teenwoordigheid my hinder - ek kan nie met 'n gelukkige hart aanbid nie"

In sommige van hd. besware is daar sekerlik 'n element van waarheid waarna d. kerk moet luister - // mr. i.d. geheel weerspieël sulke besware 'n verkeerde opvatting wat daar by mense ~~leve~~ bestaan i.v.m. die doel van kerkbesoek, d. wese v.d. erediens.

Die vr. is: Wat is d. doel v.d. erediens?

Op die vraag kan ons baie antwoorde gee – maar
die volgende gee seker die kern weer:
(1) Die verheerliking ~~+ aanbidding~~ van God
in Sy huis, ~~deur ons aanbidding~~ – hoe onvolmaak & gebrekkig dit
ookal mag wees;
(2) Om lewende gemeenskap te beoefen met God
deur die inwerking van Sy Wd en Sy Gees in
d. verborge dieptes van my hart;
(3) Om die gemeenskap met ander gelowiges te
versterk en uit te bou – die bande van eenheid
en geloof en liefde hegter te trek
(4) Die uitleg & verklaring v.d. Bybel as d. Wd v God
wie nuwe lig te laat val op raaisels van ons
lewens waarop ons 'n antw. verlang.
(5) Die opbou v.d. gemeente in sy geloof, sy
diens, sy getuienis: dis alleen deur d. ver-
kondiging v.d. Wd dat d. gemeente kan groei
in sy geloof, in sy arbeid en in sy boodskap
a.d. wêreld.

Mr. hd. deel word nie vanself verwesenlik
nie. Hoe waar dit ookal is dat d. Gees van G
vrymagtig is – d.w.s. dat dit mense se harte
op onnaspeurlike onverwagte maniere kan raak – net so
waar is dit ook dat God allermins van
ons verwag om as passiewe deelnemers of
toeskouers na die erediens te kom! ~~[illegible]~~. Die
erediens ~~was nooit~~ is seker nie bedoel as 'n bioskoop waar
die toeskouers in 'n lenningstoel kan kom
sit en passief geniet nie! Nee – van elke
persoon wat deel het aan d. uur van
aanbidding verwag God 'n bepaalde bydrae.
Ek dink mr. – om nou te begin – a.d.
Evangeliedienaar wat geroepe word om voor
te gaan in die diens. As sy roeping vir hom
erns is, hoeveel vra God nie van hom in



– Voorbereiding deur studie: om die dieper sin
v.d. Wd v God te deurgrond
– Voorbereiding deur gebed: om hom innerlik
in te stem tot d. influistering van d. Gees v. G.
– Voorbereiding deur lewende kontak m. sy
gemeente – om te weet wat hulle harte be-
weeg – om te verstaan hoe om d. Evangelie te-
verbind aan hulle daagl. lewe en werk!
behoeftes
(Eise stadsbediening – gevaar van versmel-
ting in noods. admin. pligte: hier leer
v.d. Gereformeerdes as ons as gemeente ver-
wag dat d. Wd. v. Sondag lewend, aktueel,
uitdagend, moet wees!).

Mr. ook d. gemeente het 'n plig –
'n dure plig teenoor God – 'n plig & verweg
wat begin nog lank voordat die diens begin.
Ek dink aan die volgende:
(1) Voorbereiding vir die diens: Besef ons altyd
genoegsaam watter belangr. rol ons persoonlike
voorbereiding speel in d. waarde en betekenis
wat d. diens vir ons gaan hê?
Voorbidding:
Verwagting:
Aanbidding: Die stemming van wyding wat
ek help skep deur my houding & optrede voor
d. diens → Hoe sommige studente voorbrei / of nie ~~[illegible]~~
(2) Meelewing met die diens: Van groot belang
is d. wyse waarop ons reageer, die houding
wat ons d. voortgang v.d. diens benader
– of ons onsself sien as 'n enkeling ~~[illegible]~~, 'n
afsonderlike eenheid wie se teenwoordigheid
afwesigheid eintlik geen verskil maak nie dan of ons onsself
sien as deel van 'n lewende Ct. gemeenskap

nie se bydrae afhang v.d. aandeel van elke afsond. lid!

→ Inleiding met sang, gebed, liturgiese handeling, 'n offergawes, orrelspel. Dank God vir h.d. aandeel in ons eredienste!

(3) Onderwerping aan die Wd v God i.d diens:

→ Die belangrikste van alles: kom v. ons aanbidding. Soos Israel v. ouds by d. inwyding v.d. tempel ondervind het dat d. heerlikhd v.d. Here in 'n wolk d. tempel oordek het, so moet ons ondervind dat oral waar d. Wd v God in gees en waarhd gebring word die Gees v God besit neem van mense se harte // Ons het hier te doen met een v.d misteries v.d. Wd v God, die duidelike besef dat dit geen mensewoord is nie – dat daar 'n glans, 'n krag, 'n lewe aan verbonde is wat dit nie altyd 'n ander soort woord maak as die wd. van mense!

Baiekeer sit ons in 'n diens waar die prediker ons nie raak nie, waar d. voordrag ons hinder, waar d. boodskap gladnie pas by ons bepl. behoefte v.d. oomblik nie .... En tog gebeur dit so baie dat 'n enkele sinsnede in 'n gebed, of 'n gesangvers – of 'n nuwe gedagte wat ons tebinne skiet – dat dit die begin is van 'n nuwe waarheid wat soos 'n helder son i.d donker van ons siel opgaan! (Vb. Spurgeon wat Kerk se klank won teets)

Dis maar: ons word nie elke dag ewe veel of ewe diep geraak nie. En tog: as ons Sondag na Sondag Kerk-toe kom



en daar gebeur nooit iets nie – word nooit geraak dan moet u uself ernstig afvra: wat is met my verkeerd? Kom soek ek werklik iets in Gods Huis? So ja – wat?

U weet, die skrywer a.d. Hebr. sê in Hebr. 4:12 – „Want die woord van God is lewendig en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg, en is 'n beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart". As dit waar is – en d. lewe v. miljoene mense het deur d. eeue bevestig dat dit waar is – dan moet daar 'n dag kom dat d. Wd v. God my direk, persoonlik raak:

– Onrus in my hart wek oor sonde: onreinheid, onwaarhd, oneerlikheid, haatdraendhd — 'n onrus wat my alle vrede ontneem totdat ek weer vrede vind by God!

– My b.v. stel voor d. groot vr. van my lewensroeping, my lewensbeskouing – wie dit gaan bepaal: Ek of God?

– My bring by d. groot keuse v. my lewe: „Wat sal ek dan maak met Jesus...?"

– Dreefheid – Donkerheid (Elia, Paulus)

** Die aanhoor v.d. Wd. moet word 'n worsteling met God – soos Jakob by die Jabbok – met die bede van u hart: „Ek sal U nie laat gaan tensy dat U my seën"

Oor 14 dae:

(4) <u>Uitlewing na die diens</u>: